



NG KERK RANDBURG

”HUISKERK”

- Vir almal in COVID 19 afsondering -

Sondag 19 Julie 2020



- **Kyk mooi na die foto** ... wat ervaar en dink jy ...?
- Luister na Laurika Rauch se *Kinders van die Wind* ...
🎵 <https://www.youtube.com/watch?v=Nx2azzo70E>
- Bely nou uit Psalm 139 ... *Here, U sien dwarsdeur my ... U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend. Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees. U omsluit my van alle kante ... U neem my in besit. Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip ...*

- **Luister aanbidgend** ... *God is hier teenwoordig* ...
🎵 <https://www.youtube.com/watch?v=s4Db6tRn6Qs>
- **God sê vir Hosea** ... Ek is God ... nie 'n mens ... Ek kan jou nie vergeet ... My liefde vir jou brand te sterk ... met hierdie belofte groet ek jou vandag ... niks en niemand kan jou skei van die liefde van God ons Vader wat Hy in Jesus aan ons bewys het en deur die Gees vir ons bly gee ...
- Kom ons **loof God** vir hierdie belofte ... *sing saam of luister net aanbidgend* ...
🎵 *Loof heel die skepping* ... <https://www.youtube.com/watch?v=aR5Vgmlke7o>
🎵 *Wonderbare Koning* ... <https://www.youtube.com/watch?v=0TocujFBKwY>
- Ons is vir die tweede week besig met **Romeine 8** ... vandag verse 12 – 25 ... lees dit nou ...
- **Wat sê die Woord vandag?**
 1. Daar is min mense wat nie sug oor ons wêreld nie ... oor ons land met al sy probleme ... nou veral oor die virus-pandemie ... ons sug oor eie ervarings en omstandighede ... ons worstel-stoei met die lewe! Sekerhede verdwyn by die dag ... SWERWERS SONDER RIGTING ... SOEKERS WAT NIE VIND ... Romeine 8 is reg ... die wêreld sug ... het EINA ...
 2. En Gees-mense se lewe is allesbehalwe maklik ... ons sug ook. Die uitdagings van die wêreld, is ook gelowiges se uitdagings. Mense se stories, wat ons in die koerante lees, wat ons op die televisie sien, maak ons bang. Dit laat ons geloofsvoete sleep - ons dink onself in vrees in.
 3. Dit skep spanning. Aan die een kant vertrou ons die Here. Aan die ander kant sukkel ons daarmee en verloor ons geloofsenergie. Natuurlik om saam met die wêreld te sug ... ons *EINA kry ons onder* ... kan dit nie oplos nie ... wens kon vandag al my EINA omruil vir een groot AMEN ...
 4. **Wat is die oplossing?** Romeine 8 kan ons met **paar lyne help** ...

- Gees-beheerde mense se aardse lewe van KONFLIK, STRYD EN OPOFFERING is nie 'n verloorstryd nie ... leef in ons sug met die sekerheid van liefde besondere verhouding ... ABBA VADER ... kan in elke sug hoor hoe fluister die Gees in my oor: "Jy is God se kind!" Ons mag maar sug ... dit is nie sondig nie ... goeie nuus van Rom 8 ... God verstaan ons moedeloosheid en hopeloosheid. God weet waarmee ons elke dag worstel ... Hy weet watter vrese my vandag verlam.
 - God se Gees wat saam met ons sug skep in ons pyn 'n sug van hoop EINA-sug van moedeloosheid word AMEN-sug van hoop! Hierdie hoop word in Jesus Christus se bloed geskryf. Dáárin lê die *hoop vir vandag, môre en vir die toekoms* ...
 - Op pad daarheen gaan daar goeie tye en swaar tye wees. Daar gaan tye wees wat ons moet opoffer; daar gaan tye van vreugde wees. Ongeag wat op ons wag, die Here is saam met ons in hierdie wedloop. Dit is ons AMEN! ONS HOEF DIT NIE SELF 'N WERKLIKHEID TE MAAK NIE. GOD DOEN DIT IN JESUS. Ons moet wel by 'n punt kom waar ons sê: "*Ek is bereid om God se oplossing te aanvaar.*"
 - Is dit wat ek vandag bereid is om te doen? Om voor die Here te staan en die hoop wat Hy my as geskenk in Jesus gee, te aanvaar? Glo ek dit? Is ek bereid om weer drome te droom? IS EK BEREID OM MY HART SE VENSTERS OOP TE GOOI, MY LEWE OOP TE GOOI EN WEER TE BEGIN LEEF?
 - Die Gees wat God se hoop in ons harte skryf wil ons help om in beweging te kom. Hy wil ons tonge losmaak ... ons harte laat warm klop ... ons oortuig om ons tyd, ons gawes, ons geleenthede te gebruik om mense te verseker van God se hoop ... soveel wat sug in EINA ... Jesus-hoop nodig het ... AMEN van vrede te kom ...
5. **Kom word stil** ... met al jou EINA ... laat God oor jou hart en siel en krag en verstand met Sy liefde AMEN sê ... luister dan na ...
- 🎵 Lied 454 ... *Vader ons eer U* ... <https://www.youtube.com/watch?v=epmrDA1OJ2A>
6. **Seën** ... *Die Here sal my seën en my beskerm ... die Here sal my genadig wees en bly red ... die Here sal my gebede verhoor en aan my vrede gee* ...
7. **Luister saam na hierdie lied van vryheid** ... *die Gees wat lewe gee sal jou laat bly lewe!*
- 🎵 Musiek ... *Let your living water* ... <https://www.youtube.com/watch?v=OrYmIXiB2dQ>

VIR DIE KINDERS ...

1. Ons het vandag weer 'n Poppekas-video vir ons kleiner kinders ... <https://you.tube/Aqka1pEyb7E>
2. In die reeks van Trompie is daar 'n episode waar Trompie die eerste keer met Boesman die hond te doen kry. Hy vra vir die man wie se hond dit is of hy vir Boesman 'n bietjie kan leen. Boesman was vasgemaak aan 'n ketting by die huis van die man. Boesman het die wonderlikste tyd saam met Trompie en sy Boksombende gehad. Hulle het in die veld gaan hardloop en in die dam gaan swem. Aan die einde van die dag het hy die hond gaan terug gee. Maar Trompie was so hartseer oor die hond dat sy eienaar gesê het dat Boesman self kan kies by wie hy wil bly. Daar is 'n goeie toneel uit die episode waar beide vir Boesman roep en Boesman kies swaar tussen die twee. Maar teen die einde wen Trompie want by Trompie is daar 'n baie lekkerder lewe vir Boesman – 'n lewe van vryheid. Kyk daarna ... <https://www.youtube.com/watch?v=-PQCaJAaLG8>.